LEWENSVAARDIGHEDE

DOEL

Om die Verkenner bekend te stel aan Die Voortrekkers se siening oor lewensvaardighede en hom dit deel van sy lewe te help maak.

UITKOMSTE

1. Die Verkenner ken die Verkennerlewe se definisie van lewensvaardighede.
2. Die Verkenner kan aan enigiemand verduidelik wat die definisie van sukses is wat in hierdie hoofstuk verduidelik word. Die verkenner ken die verskil tussen die standaard waarmee die wêreld sukses meet en waarmee 'n Christen sukses meet.
3. Die Verkenner is gemotiveer om die lewensvaardighede wat die Bybel uitspel deel van sy lewe te maak en dit uit te leef.
4. Die Verkenner bemeester die kuns van selfbehoud soos in die hoofstuk verduidelik en maak dit deel van sy lewe.

SLAGGATE

1. Die Verkenner is oningelig oor lewensvaardighede.
2. Die Verkenner verstaan nie die Christen se definisie van sukses nie.
3. Die Verkenner bemeester nie die kuns van selfbehoud nie en pas dit nie in sy lewe toe nie.

Lewensvaardighede is sekerlik nie vir jou 'n vreemde onderwerp nie. Jy het al op verskeie plekke, onder andere in die skool, daarmee te doen gehad. Jy kan met reg vra: hoekom moet ons dan in die Verkennerlewe ook weer hiervan lees? Dit is heeltemal 'n regverdige vraag. Jy sien, die antwoord lê in die ABC van Die Voortekkers. Jy weet al teen die tyd dat ons alles in Die Voortrekkers daaraan meet. Dit beteken dat dit wat ons in Die Voortrekkers verstaan onder lewensvaardighede heel waarskynlik anders gaan lyk as ander definisies daarvan. Wat is 'n "Voortrekkerdefinisie" dan van lewensvaardighede?

DEFINISIE

Lewensvaardighede is daardie vaardighede wat jy nodig het om 'n sukses van jou lewe te maak.

Dit bring ons dadelik by 'n ander vraag:

Wat is sukses?
Hoe meet mens sukses?
Wanneer lei jy 'n suksesvolle lewe?

Mense dink gewoonlik aan beroemde mense as hulle sukses in die lewe meet. Dink maar aan die gesigte wat op die voorblaaie van ons eie en internasionale tydskrifte pryk. Húlle is die suksesvolles, kan ons maklik dink. Maar is dit regtig so?

DOENWENK

Kyk in enige tydskrif wat jy in die hande kan kry na die lewe van die persoon op die voorblad. Meet sy/haar lewe aan die ABC van Die Voortrekkers, veral aan die C. Hoe vaar die "suksesvolle" mens dan?

Vanuit ons Christelike geloof sê ons dat 'n mens suksesvol is wanneer sy lewe aan die doel beantwoord waarvoor God hom geskep het.

En wat is die doel waarvoor God ons geskep het? Natuurlik ja!

Om te lewe tot eer van God.

Om God met jou hele lewe te ver-HEER-lik, met ander woorde, om so te lewe dat die hele wêreld uit jou lewe kan sien en hoor dat die drie-enige God die HEER, die Koning van jou lewe is. Lewe jy só, dan leef jy suksesvol, dan

beantwoord jou lewe aan Sy doel. Jy kan dus sien: bietjie anders as die gewone definisies van “sukses” en “lewensvaardighede”.

Wat is die vaardighede wat ons nodig het om suksesvol te kan lewe? Daar is 'n hele verskeidenheid:

- Kommunikasievaardighede,
- Verhoudingsvaardighede,
- Die vaardighede wat jy nodig het om gesond te kan lewe geestelik, emosioneel en fisies,
- Konflikhanteringsvaardighede,
- Keusevaardighede,
- Selfbeeldvaardighede,
- Selfbehoudvaardighede en baie ander.

Bo alles, as mens vanuit Die Voortrekkers se definisie van lewensvaardighede wil lewe, moet jy natuurlik lewe vanuit 'n lewende verhouding met Jesus Christus.

Al bogenoemde vaardighede help mens in jou strewe om suksesvol te lewe.

DOENWENK

Laat elke spanlid een van die vaardighede kies en daaroor inligting insamel. By 'n volgende spanbyeenkoms bied elkeen dan 'n kort praatjie oor daardie vaardigheid aan. Bespreek dan die vaardigheid in die span.

Die heel beste handboek wat Voortrekkers kan gebruik om lewensvaardighede aan te leer, is nie een of ander dik sielkunde handboek nie. Jy hoef nie duur te betaal om een te gaan koop nie. Jy besit dit reeds: *die Bybel!*

Dink maar aan boeke soos Prediker, Spreuke en Psalms. Waar kan jy beter raad vir 'n suksesvolle lewe kry as juis in hierdie boeke?

Dink maar aan verse soos:

- Psalm 111:10. *Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig.*
- Psalm 105:4: *Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.*

Watter beter raad kan daar wees vir 'n suksesvolle lewe?

DOENWENKE:

1. Lees elkeen van die onderstaande Bybelverse. Bespreek dan in die span watter lewensvaardigheid deur die betrokke vers toegelig word:

- Spreuke 3:21
- Spreuke 4:23
- Spreuke 5:15-19
- Spreuke 6:32
- Spreuke 11:13
- Spreuke 12:24
- Spreuke 13:24
- Spreuke 15:1
- Spreuke 15:15
- Spreuke 17:14
- Spreuke 17:17
- Spreuke 18:24
- Spreuke 20:1
- Spreuke 22:6
- Spreuke 23:23
- Spreuke 24:26
- Spreuke 26:10
- Spreuke 29:11

2. Laat elke spanlid in die Psalms, Prediker of Spreuke 'n vers opsoek wat 'n

lewensvaardigheid beklemtoon wat vir hom baie spesiaal is en laat hy dit dan tydens die volgende spanbyeenkoms met die span deel. Bespreek mekaar se teksverse in die span.

Dit is lekker praktiese raad wat die Bybel gee, nie waar nie?

Daar is baie boeke te koop oor lewensvaardighede en baie kursusse word ook oor hierdie onderwerp aangebied. Dit is jou verantwoordelikheid om, soos jy ouer word, jou meer en meer in te grawe op hierdie gebied. Die feit dat God jou met sekere talente geskep het, lê die verantwoordelikheid op jou om aan jou lewensdoel te beantwoord, en om suksesvol te lewe gaan jy lewensvaardighede nodig hê.

Kom ons kyk vervolgens na 'n paar belangrike elemente wat jy die volgende paar jaar nodig gaan hê om suksesvol te kan lewe. Kom ons noem dit die kuns van selfbehoud.

DIE KUNS VAN SELFBEHOUD

WAT/WIE IS DIE "SELF" WAT JY WIL BEHOU?

Jy is 'n pakketmens, 'n goeduitgevoerde resep met baie bestandele. Daar is :

- Die fisiese jy (hoe jou liggaam lyk)
- Die geestelike jy (emosioneel en verstand)
- Die jy as lid van 'n gesin met al die invloede van jou gesin (positief en negatief) wat op jou inwerk en jou help vorm
- Die jy as lid van 'n spesifieke volk
- Die jy as godsdiensbeoefenaar. Jou godsdiens bepaal in 'n baie groot mate wie jy is en hoe jy oor sekere sake soos lewe, dood, skepping, God, natuur en medemens dink
- Die jy en jou verhouding met ander mense (is jy introvert of ekstovert, gewild of ongewild)
- Die jy met jou besittings (is jy ryk of is jy arm)
- Die jy en jou sosiale kring (hoe lyk jou vriende onthou: aan jou vriende word jy geken

Die resultaat hiervan en van baie ander faktore is die "self".

DIE "SELF" WAT JY WIL BEHOU. MAAR WAT BEDREIG JOU, VEILIG IN DIE STAD/DORP?

- GEJAAGDHEID, wat jou jou godsdiensbeoefening laat afskeep
- VERMAAKLIKHEIDSPATRONE wat jou vervreem van die "self" wat jy altyd was
- VREEMDE KULTURE, wat ander waardes aanhang, waarteen jy moet meeding
- DRANK EN DWELMS wat verwring en doodmaak
- LOSSE SEDES wat nie eie is aan jou Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie en wat tragiese gevolge het: tienerswangerskappe en MIV/Vigs
- BEÏNVLOEDING deur ander met ander oortuigings - so baie mense
- Jou ONOPSIGTELIKHEID in die massa
- FINANSIËLE VERSUKKELING
- REGSTELLENDE AKSIE
- AANRANDING, VERKRAGTING, MOORD en ander MISDAAD.
- NOG BAIE ANDER.....

Wat is praktiese raad wat jou teen al bogenoemde faktore kan beskerm, wat aan jou 'n goeie kans gee om 'n sukses van jou lewe te maak? HOE BEHOU JY DIE "SELF"?

- Deur geloofsbeoefening. Lééf jou Christenskap elke dag van jou lewe uit
- Die regte vriendekring. (Lees weer Spreuke 18:24)
- Die regte sosiale vermaak
- Die regte meisie/ou/huweliksmaat
- Deur jou so goed as moontlik vir jou gekose beroep te bekwaam
- Hou jouself ekonomies weerbaar - bestuur jou geldsake reg!
- Deur jou lewenskostefaktor te beheer. Leef die goedkoopste kwaliteitlewe wat jy kan
- Deur fisies fiks en paraat te wees
- Deur stewige gesins- en familiebande

- Deur anti-depressief te dink en leef

Die resultaat van bogenoemde? Jy gun jouself die beste kans op die behou van daardie unieke, gekompliseerde, deur God gegewe "self"!

DOENWENK

Bespreek elkeen van bogenoemde wenke in die span en vertel mekaar hoe julle dit prakties in julle lewens kan uitleef.